

— DIT WAS NIE DIE EINDE NIE —

VYFTIG jaar gelede is die oorskot van Paul Kruger onder blyke van groot belangstelling en deelneming in Pretoria begrawe. Die vyande van die Boer het onder die indruk verkeer dat die Republikeinse ideaal van die Afrikaner soos dit verpersoonlik is in die persoon van Paul Kruger, ook terselfdertyd vernietig is.

Daar is egter nie rekening gehou met die feit dat 'n ideaal nie tot niet gemaak kon word met die uitwis van 'n nasie se onafhanklikheid nie. Die teendeel is waar naamlik dat daar teen 'n dusdanige gewelddadige optrede 'n hewige reaksie ingetree het. Die geskiedenisverloop van die afgelepe vyftig jaar het dan ook in die teken gestaan van die gestadige herstel van dit wat ons deur middel van geweld ontnem is. Die omswerwing van die Kruger-Standbeeld tipeer in werklikheid die verskillende fases van hierdie vyftigjarige vryheidstryd. Met die uiteindelijke verskuiwing van die beeld na Kerkplein kan ons vandag vryelik beweer dat ook daardie stryd uiteindelik byna voltooi is. „**Krugerisme**” soos baie mense Kruger se Republikeinse ideaal wou kenskets, is dus nooit geblus nie. Aan sy ideaal het daar geen einde gekom nie want in werklikheid was dit nie Kruger se ideaal nie maar sy volk se ideaal. Hy het dit alleen maar vertolk en is dit dus in hom verpersoonlik. Sels nie-Afrikaners begin dit vandag besef. Daarom is die toespraak van die vise-hoof van die Sastri Indiër Kollege in Natal wat in hierdie uitgawe opgeneem is, van soveel belang. Ons hoop ons lesers sal die opname daarvan in dié lig begryp en aanvaar.

Ons is dankbaar om te merk dat die idee by mense begin posvat naamlik dat respek vir die tradisies van die ander groep waaragtige Christelike Nasionalisme impliseer. Wanneer ons die tradisies van ander as van minder belang beskou, dan het ons imperialiste geword.

RED.



Photo: P. J. Engelbrecht
The unity of the group had been broken and suddenly an atmosphere of grotesque unreality surrounded the statue. Its journey down Kruger Street became a carnival